

PERSSENSUUR EN STAATSVEILIGHEID

'n Studie van historiese tendense en ontwikkelinge ter reëling van die vryheid van die pers om feite mee te deel en meninge uit te spreek, met besondere beklemtoning van tendense in Suid-Afrika van 1910 tot 1967 en met verwysing na wetgewing en hofuitsprake in dié verband

deur

Gert Johannes Pienaar

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes van die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Promotor: prof. dr. H.L. Swanepoel.

Potchefstroom

Mei 1968

VOORWOORD

Die verhouding staat-pers of, wyer gestel, staat-nuusmedia was nog nooit „gemaklik” nie. Van beriggewing in die nuusblaai van sy tyd het die Romein Cicero in die eeu voor die geboorte van Christus gesê dat dit ’n „geswets” was, ’n oordeel wat in die moderne tye in haas al die lande van die wêreld, en nie die minste nie in Suid-Afrika, hartlik beaam word, ook deur persorgane in die loop van hul eie onderonsies. Die doel van hierdie studie was om die lig van die geskiedenis op die netelige vraagstukke van spraak- en persvryheid aan die een kant en die beletsels daarop aan die ander kant te laat val en om op grond van die getuienis van die geskiedenis tot enkele prinsipiële gevolgtrekkinge te geraak.

In hierdie studie het die gebrek aan prinsipieel verantwoorde literatuur oor die onderwerp pertinent onder die aandag gekom. Veel is daarvoor geskryf, soos uit die ietwat bonte bibliografie blyk, maar die meeste skrywers skryf rondom die vraagstuk, nie daarvoor nie. Veel wat geskryf is, is voorts so propagandisties en tendensieus, soms byna histories, dat dit geen lig op die essensie van die vraagstuk werp nie.

In die besonder het dit opgeval hoe weinig op hoë vlak in Suid-Afrika oor die pers, sy probleme, sy invloed, sy plek in die samelewing en sy „regte” geskryf is. Ewe opvallend is die feit dat dit wat Suid-Afrikaanse joernaliste oor die pers geskryf het, yl gesaai lê en dikwels dunnetjies van inhoud is. ’n Mens kry die indruk dat die Suid-Afrikaanse joernaliste, ook dié wat aan die Afrikaanse koerante verbonde is, nog nie die tyd gevind het om hulle in alle erns oor die perswese te besin nie.

In hierdie studie word maar één aspek van die persvryheid bespreek, naamlik persvryheid vir sover dit die staatsveiligheid raak. Geen aanspraak kan gevolglik gemaak word dat in hierdie studie al die antwoorde op al die vrae gevind is nie, selfs nie ten opsigte van die staatsbelang in die breë by wat in koerante en tydskrifte gedruk, oor die radio uitgesaai of in beeld vasgelê word nie. ’n Gedugte taak lê op hierdie terrein voor.

Na vervloë tye en beskawings is teruggegaan om by die oerbronne van die demokrasie, die vryheid en gesag vas te stel wat hierdie begrippe histories en prinsipieel ten grondslag lê, sodat die historiese lyn tot in die moderne tye nagespeur kan word. By hierdie deel van die studie is sowat uitsluitend van sekondêre bronne gebruik gemaak, aangesien dit in hoofsaak gegaan het om die vaslegging van tendense. In die laaste vyf hoofstukke word egter hoofsaaklik op primêre bronne gesteun. Ook hier lê nog 'n groot taak voor: waardevolle ongesistematiseerde en onverwerkte studiemateriaal lê nog onder stof begrawe.

Ek is dankbaar dat ek by my studie en navorsing die hulp en leiding van 'n juris met 'n stewige joernalis-agtergrond gehad het. My besondere dank aan prof. H.L. Swanepoel dat hy bereid was om 'n student buite sy eie fakulteit onder sy vlerke te neem.

Ook aan ander kollegas aan die Potchefstroomse Universiteit wil ek dank betuig. Prof. H.G. Stoker en prof. J.A.L. Taljaard het my by herhaling op die spoor van veral wysgerige werke wat by die studie ter sake was, gebring, terwyl prof. J.H. Grobler waardevolle wenke by die studie van die ou Griekse beskawing gegee het. Mnr. P.J. Coetzee en J.D. van der Vyver was eweneens gewaardeerde raadgevers.

In die loop van die studie is 'n hele aantal ongepubliseerde manuskripte, die volledige tekste van hofverslae, regsmenings, amptelike en private briewe opgediep. Ek wil in hierdie verband veral my dank uitspreek jeens mnr. J.H. Steyl, Transvaalse N.P.-sekretaris, wat my die volledige lêer oor die aanklag teen The Sunday Times by die Persverwysingsraad beskikbaar gestel het, en mnr. G.G.A. Uys, sekretaris van die NPU, vir die beskikbaarstelling van ander noodsaaklike stukke. My dank ook aan die Kommandant-Generaal van die Weermag, genl. R. C. Hiemstra, die Kommissaris van Polisie, genl. J.M. Keevy, en genl. H.J. van den Bergh, Adjunk-Kommissaris van Polisie, genl. J.C. Steyn, Kommissaris van Gevangenis, en mnr. J.A. Krüger, Adjunk-Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, vir hul persoonlike aandag aan navrae wat ek tot hul departemente gerig het.

Aan my vrou, aan wie hierdie werk opgedra word, en my kinders my opregte dank vir hulp, regstreeks en onregstreeks, opofferinge, aanmoediging en belangstelling.

Potchefstroom,

Die Skrywer.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk	I	1. Inleiding - doel en omvang van die studie. 2. Uitgangspunte. 3. Begripsbepalings - pers, sensuur, pers= senuur, staatsveiligheid. 4. Vorme van sensuur, w.o. interne perssensuur, statutêre perssensuur, administratiewe sen= suur en sensuur deur pressiegroepe of be= langegroepe.
Hoofstuk	II	Historiese oorsig van sensuurmetodes en -ten= dense in die antieke Jerusalem, Athene en Rome.
Hoofstuk	III	Sensuur deur kerk en staat tot die einde van die 18e eeu.
Hoofstuk	IV	Sensuur in die Suid-Afrikaanse Koloniale tyd= perk tot 1910.
Hoofstuk	V	Interne perssensuur.
Hoofstuk	VI	Vrywillige gesamentlike sensuur.
Hoofstuk	VII	Statutêre perssensuur, en enkele hofuitsprake daaroor, 1910-1967.
Hoofstuk	VIII	Administratiewe perssensuur.
Hoofstuk	IX	Prinsipiële beoordeling en gevolgtrekkings.
Bibliografie		213
Bylae	B 1	